



**LINKS:** Die Kubota M9540 met sy hoër Trelleborg-bande (230 x 90 x 38) op vanjaar se Nampo-Oesdag.

**REGS:** Trelleborg se buitebande (850 x 50 x 30,5) laat dié Kubota M9540 beter vastrap sonder om die oppervlak te verniel. FOTO'S: VERSKAF



**K**ubota en Trelleborg stap al 'n lang pad in Suid-Afrika.

“Ons werk reeds die afgelope 18 jaar jaar lank nou saam met Kubota. In hierdie tyd het ons die Kubota-handelsnaam se groot groei gesien onder die bestuur van Smith Power Equipment, die plaaslike verspreider in Suid-Afrika,” sê mnr. Louw Joubert, produkbestuurder van Trelleborg Suid-Afrika.

Louw sê Trelleborg se sukses in die landbousektor is grootliks te danke aan sy volgehoue belegging in navorsing en ook ontwikkeling.

“Ons doen baie moeite om die boer se buitebandbehoefte te verstaan. Danksy dié moeite kan ons relevante produkte maak wat presies inpas by dié wat die boer op die plaas nodig het,” sê hy.

'n Goeie voorbeeld van hoe Trelleborg sy diens aan die landbou lewer, is hoe hy trekkerbandomskakelings doen om aan die boer se vereistes te voldoen. Sommige van hierdie omskakelings was vanjaar op die Nampo-Oesdag by die Trelleborg-stalletjie te sien.

Die omskakelings van die standaard- 480 X 85 X 38-bande op die Kubota M9540 na wyer turfbande (850 x 50 x 30,5). Dieselfde soort Kubota M9540-trekker se standaard-bande is ook omgeskakel na nouer en hoër bande (230 x 90 x 38) vir 'n groenteboer.

Louw verduidelik die verstelbare velling vir die wyer ban-

# Kubota en Trelleborg vorm gedugte span

Die IT-entrepreneur Steve Jobs het gesê “ondernemings bereik nooit groot hoogtes alleen nie, maar as deel van 'n span”. Dit geld beslis vir die samewerking tussen Kubota, een van die wêreld se voorste verskaffers van trekkers en landboumasjinerie, en Trelleborg, 'n internasionale buitebandvervaardiger.

de is ingevoer uit Swede. Die vaste, nouer vellings is plaaslik vervaardig volgens spesifikasies.

## LOOPVLAKONTWERP

Die kern van Trelleborg se gevorderde tegnologie is die onverbeterlike prestasie van sy Trelleborg ProgressiveTraction™, met vernuwend loopvlakpatroon en dubbelkantige spoor. Die band se loopvlakpatroon bied uitstekende vastrap-eienskappe in verskillende toestande. Die breër basis van die loopvlakontwerp verminder vibrasies, slytasie en brandstofverbruik. Bo-op die patroon se wyer basis is 'n smaller rif vir beter trekkrag.

“Nóg 'n belangrike eienskap van hierdie ontwerp wat doeltreffendheid verhoog, is hoe dit die tussenpatroonterasse op die band beklemtoon en die band se selfskoonmaakvermoëns verbeter,” sê Louw.

“Die slotsom is dat die ProgressiveTraction™-tegnologie tydens hoëwringkragtoestande beter presteer as ons mededin-

gers in dieselfde premieklas van trekkerbande en baie beter presteer as die gemiddelde trekkerband,” sê Louw.

“Die verminderde werkstyd per hektaar gee aanleiding tot minder uitlaatgasse en beter kostedoeltreffendheid per hektaar.”

Hy sê die nuwe oppervlakpatroon keer dat die band diep in die grond wegsak.

Die verhoogde veerkrachtigheid van die sykante van die band verbreed die oppervlak wat met die grond kontak maak en verminder verdigting.

“Ons behaal die maksimum flottasie met hierdie ekstra breë spoor,” sê Louw.

Mnr. Tallie Giessing van Kubota Suid-Afrika sê die werksverhouding tussen Trelleborg en Kubota is 'n plesier en ook voordelig vir klante van Kubota.

“Die werksverrigting van dié bande is 'n deurslaggewende faktor in die algehele doeltreffendheid van die trekker. Trelleborg se vermoë om aan te pas by verskillende bedryfstoele is vir

ons 'n belangrike faktor om die totale eienaarskoste van Kubota-trekkers te verlaag,” sê Tallie.

## MITAS SE VOORDEEL

Met sy onlangse oorname van CGS en sy Mitas-handelsnaam, sal Trelleborg sy verkope van bande in die landbousektor bykans verdubbel en hom vestig as die wêreldleier op dié gebied.

“CGS se polimeeroplossings sal verskeie sake-eenhede in Trelleborg se bestaande posisie versterk,” sê mnr. Peter Nilsson, voorsitter en hoof- uitvoerende beampte van Trelleborg.

“'n Goeie vennootskap sorg vir uitstekende besigheid,” sê Tallie. “'n Sterker Trelleborg-maatskappy sal die vennootskap en ons klante sonder twyfel tot voordeel strek.” **LBW**

*Mnr. Robert Keir is verbonde aan Smith Power.*

**NAVRAE:** Smith Power Equipment: Tel. 011 284 2000; webwerf: [www.smithpower.co.za](http://www.smithpower.co.za).